

# Hoofstuk 1

"Djoes djy?" Nathe beduie met een vinger na Henk se kaal rug en glimlag.

Wat sou in Nathe gevaar het? wonder Joe. Nathan Daniels is bekend vir sy dikwels taktlose kommentaar, maar dis asof hy vandag openlik venynig is.

"Sharrap, idioot!" sis Henk en trek sy Nike-T-hemp vinnig oor die pienkpers aknee op sy rug en gespierde skouers.

Joe staan 'n tree agteruit. Hy wil nie as 'n bangbroek bestempel word nie, maar Henk se vuiste en sy humeur is ewe berug.

"Ek vra maar net die obvious, jy sien." Nathe se stem dra deur die kleedkamers. "Want almal wonder, my bra. Jy's een helse rooi, inflamed zit. Maar niemand het die guts om actually te vra nie." Hy druk die geel langtandkam wat hy gedurig deur sy boonste krulletjies trek in sy sportsak.

Bokant die ore en agter die kop is sy hare tot teen die kopvel geskeer. Hy pak tande uit. Soos altyd, het Nathe 'n luidspreker ingesluk. Hy gooi die desibels en dit juis met so 'n sensitiewe vraag. Kon hy dit nie eerder gefluister het nie? Of sommer net sy bek gezip het nie?

O hemel! Die vraag is nie wat Nathe se ma vir aandete maak nie, dis of hy gaan leef om saam te eet.

Maar toe 'n sandstorm die ooptes klits, koes Nathe nie. Hy lig net 'n sif.

Joe druk die videofunksie op sy selfoon. "Epic fight, here we go," sê hy hard genoeg dat die selfoon se videokamera sy stem

duidelik opneem. Hy sal waarskynlik net die begin van die geveg kan verfilm.

Henk dink mos as hy op ’n riempiesbank sit, skyn die son blokkies. Dis lankal tyd dat iemand hom op sy plek sit. Die probleem is net dat die enigste leerders by die skool wat so groot en sterk soos Henk is aan sy kant van die draad is.

Die skielike stilte is oorverdowend. Alle beweging kom tot stilstand, die atmosfeer is sandsuikerheuning. Al die aandag is op Henk en Clayton wat breëbors en bakarm nader staan. En Nathe.

Clayton smyt die haarborsel wat nog in sy hand was op die aantrekbankie agter hom neer en gee nog ’n tree nader. Sy nekare bult. Sy gesig is bloedrooi.

Party maergatte loop aspris bakarm om groter te lyk. Geraamte Meyer byvoorbeeld. Maar Clayton is nie Geraamte Meyer nie. Vir seker nie. Sy elmboë kan nie sy middel raak nie.

Nathe gee ’n tree terug, weg van Henk en Clayton af. “Oukei, oukei, dis nie nodig om jou humeur te gooi omdat jy in denial is nie.” Hy tuit sy lippe. “Ek meen maar net, Henkie, een van die dae is jy net so bles soos hierdie aasvoël.” Met dié beduie hy na Clayton, wie se haarlyn die stryd teen tyd begin verloor. “En jy het sulke mooi hare, Henkie, my bra. Net jammer van die gif in jou brein.”

Dis asof ’n skakelaar iewers afskop.

“Vat so, sweet cheeks,” sê Nathe vir doeleindes van die selfoonvideo.

Joe frons. Nathe gaan groot vandag. Die vraag is nie of Nathe die situasie geniet nie, maar eerder hoe hulle hierdie dreigende ontploffing tot bedaring gaan bring. Hy is nie verbaas dat Nathe juis vandag golwe gooi nie. Hulle is almal lankal dik vir Henk en sy pel. Al waarvoor dié twee goed is, is lyf gooi en spiere wys, maar dis spiere waarvoor die twee bullebakke bleddiewil nie eens gewerk het nie. Wel, hulle is gym fanatics, maar met kunsmatige hulp is alles net soveel makliker.

Henk swaai sy vuis maar tref net ’n stuk van die gespanne atmosfeer.

Nathe is nie op sy bek geval nie, maar met sy reflekse is daar duidelik ook min fout. Toe Henk se vuis 'n tweede keer swaai, koes hy, hop oor 'n bankie en gee drie lang tree in die rigting van die kleedkamer se deur. Sy glimlag hardloop drie honderd en sestig grade.

Iewers gaan 'n stortkraan toe. Die een of ander plank mis al die aksie.

Clayton en Henk kom nader gestap.

Joe maak die kleedkamer se deur oop, ingeval hy en Nathe skielik moet skuif. "Say cheese." Hy glimlag vir Henk en Clayton, selfoon omhoog.

"Bly hier uit, Joe. Behalwe as jy lus is om ook dik gemoer te word!" Clayton swaai sy vuis.

Die waarheid is en bly die waarheid: Bolangs is Clayton se eens blonde hare nou 'n maanlandskap. Hy het massiewe spiere. Dis net jammer hy het hare soos 'n brandsiek brak. Sy sonbed werk nie so lekker nie, want sy velkleur is iets tussen loopmaag en pampoen.

Die selfoon in Joe se hand ril saam. Hy konsentreer, hou sy hand weer stil sodat die video in fokus bly.

"Jy soek my lankal, Nathe." Clayton se oë is dun geskreef. "Jy dink jy kan rugby speel, maar jy's nie eers amper soos goed soos jy dink nie. As ek met jou klaar is, gaan jy in 'n rolstoel sit en drool totdat jy eendag vrek."

"Ek het met Henkie gepraat," blaf Nathe. "Nie met jou nie, vulture! Maar voor jy op jou high horse klim, sê eers vir my uit watter blikkie het jou kleur ontsnap, my bra?" Hy glimlag. "Like, my tan is for real. Jou tan, my bra, kort werk." Asof hy Joe se gedagtes oor Clayton se siek skakering kan lees.

Clayton lyk vir 'n oomblik heeltemal verward. Toe kliek 'n ratjie in sy grysstof blykbaar. Hy klim bo-oor een van die aantrekbankies om by Nathe uit te kom. Nie een van die string vloekwoorde wat hy loslaat, sal die HAT haal nie.

"Hè? Kom weer?" tart Nathe. "I don't speak Idiot. Sorry." Hy knipoog vir Joe, hop oor die twee laaste aantrekbankies op pad deur toe en kom staan langs Joe in die deur.

Joe maak die kleedkamer se deur groter oop en gee drie tree terug om Clayton se aantog op video vas te lê. Henk is kort op sy hakke.

Clayton vuur nog ’n sarsie vloekwoorde af.

“Cool it, my bra.” Nathe hou sy hande in die lug. “But while we’re at it, het jy nie miskien ’n poop in die pants nie?” Hy lig sy wenkbroue en beduie na Clayton se swart drop crotch-broek. “Jy weet, vulture, my bra, jou poepholpienk T-shirt loop mooi by jou se broek. Ek dag lankal jy bat vir die ander span. Of hoe?” Hy staan effens eenkant toe sodat Joe die aksie op sy foon kan vaslê. “Jou poort is net bietjie narrow.” Hy beduie eers na sy eie perfekte voortande, toe na Clayton se mond. “Ôk maar goed djy woon nie by die coast nie, lover boy. Hulle like van ’n mooi groot passion gap daar.”

Clayton maak geluide sonder betekenis. Hy skop ’n toksak naby hom teen die muur vas.

Almal weet hoe sensitief Clayton oor die gaping tussen sy voortande is. Nathe karring waar dit die seerste maak. Joe voel amper jammer vir Clayton. Toe klop ’n herinnering aan sy brein: Net verlede week nog het Clayton Nathe se skooltas “per ongeluk” in die skool se visdam laat val en op Joe se tas gepie. Laas Vrydag het Clayton ’n hoender skool toe gebring en die arme haan voor skool, net voor die Lewenswetenskappe-klas, by die tweede verdieping afgegooi om te “kyk of die hoender kan vlieg”. Een van die graadagtseuns het ’n video van die vallende hoenderhaan op Instagram gelaai en nou is die DBV op Clayton se spoor. Joe zoem die video in.

Nathe tree verder terug en gooi die twee ’n middelvinger. Hy kyk vinnig na Joe. “Tjoppa, Bees en Beer is aan ons kant. Hulle is ook lus vir die twee.” Hy lig sy vuiste.

Joe kyk verby Henk en Clayton na die agterkant van die kleedkamer waar Bees en Beer wag vir die eerste hou om te val. Gelukkig is hulle twee groot ouens.

“Wat’s die probleem, manne?” vra ’n stem agter Joe.

“Niks, Coach.” Clayton gaan staan in sy spore en stap terug na die bankie waar sy rugsak lê. Hy gaan sit en trek sy tekkies aan.

Henk stap agter hom aan.

Snitches get stitches, is die motto onder die leerders. Joe maak die kamerafunksie toe en sluit sy foon.

Nathe gryp sy sportsak en verdwyn by die deur uit.

Joe is bly om te sien Nathe se oordeel het hom nie verlaat nie. Hy besef darem dis nie nou tyd vir verder karring nie. Joe swaai ook sy sportsak oor sy skouer en kyk op die horlosie wat hy by oupa Joe gekry het. Dis tyd om die pad te vat.

"Joe, kan ek jou gou spreek?" vra hulle afrigter.

"Reg so, Coach." Joe maak seker sy tokse is in sy sportsak en stap agter die afrigter na sy kantoor toe.

Wat sal dit dan nou dié keer wees wat Coach wil hê? Hy het 'n super crap dag gehad en het regtig nie nodig dat iemand nou verder op sy kop muf nie. Een keer tydens die oefening het hy wel vorentoe aangegee, maar dis darem seker nie die einde van die wêreld nie. Dit was per slot van rekening net 'n oefensessie.

"Joe." Coach Chris neem agter sy lessenaar plaas. "Dis vir my 'n baie onaangename gesprek dié. Ek gaan Henk Saterdag in jou plek laat speel in die wedstryd teen die Hoërskool Frans Greyvenstein . Ek weet rugby is jou alles, maar Henk presteer beter die laaste ruk. Ons albei weet Frans Greyvenstein is 'n formidabele opponent. Daarom moet ek Henk 'n kans gee."

Joe is lus om Coach se tafel te skop. Hy wil aanhou skop totdat die ding vuurmaakhout is. Vandag het hy sy beste gegee, maar Henk het hom na 'n beginner laat lyk. Hy is vinnig, maar Henk is ook. En dis asof Henk net nooit moeg raak nie.

"Jammer, Coach." Joe laat sy kop sak. "Wat kan ek doen om te verbeter? Wat doen ek verkeerd?" Hy knak sy vingers die een na die ander, trippel op een plek rond.

"Julle is al twee uitstekende spelers, maar Henk het tans veel meer stamina en hy speel harder." Coach sit terug en vou sy gespierde voorarms. "Hy's ook langer en groter as jy. Hy het meer impak. Jy sal spiermassa moet bou." Die afrigter speel met die pen voor hom op die lessenaar. "Joe, moenie moed verloor nie. Jy't al van Steve Jobs gehoor, nè?"

"Net die naam. Dis al, Coach."

"Sy biografie is op my boekrak as jy dit wil lees." Coach beduie na die boekrak aan sy linkerkant. "Steve Jobs was die stigter van Apple, maar op dertig het sy eie maatskappy hom afgedank. Tog het hy later self erken dat dit nie noodwendig 'n slegte ding was nie. As daar nie soms donker is nie, gaan ons ook nie die lig waardeer nie. Moenie vandag as die einde beskou nie. Gebruik dit vir motivering."

"Dankie, Coach. Dalk moet ek die boek lees."

"Leen gerus ook Nick Matthew se outobiografie. Sy *Sweating blood: my life in squash* gee 'n mens heelwat stof tot nadenke. Hy was in 2010 die wêreld se nommereenmuurbalspeler, maar sy pad was nie maklik nie. Ek weet rugby is jou passie, maar sulke ouens se stories laat 'n mens besef jy moet nooit handdoek ingooi nie. Ek sal nie vir enigeen 'n boek leen nie, maar vir jou enige tyd. Kyk ook na Elon Musk se video's op YouTube. Dit gee 'n mens moed."

"Dankie, Coach."

Joe kyk af op sy bene, sy rugbykouse wat op sy tekkies hang. Hy is fiks, lenig en gespierd, maar dis spiere wat kom van baie oefen en hardloop. Ver fietsry. Hy het vir seker nie die King Kong-spiere wat Henk die afgelope drie maande gebou het nie. Flip, Henk word net nooit moeg nie. Hoe de hel?

"Jy moet dalk daaraan dink om vir jou aanvullings te kry. Dink maar daaroor."

"Watse tipe aanvullings, Coach?" Joe sug in sy binneste. Pa reken "daar is nie geld vir vreemde foefies nie. 'n Mens is wat die natuur jou gegee het."

"Dis vir jou en jou ouers om te besluit, Joe. Die feit is, die meeste sportsterre gebruik aanvullings – nie altyd wettige middels nie – maar die ouens wat dit nie gebruik nie, kan nie meer kompeteer met dié wat dit wel gebruik nie. Julle moet maar self besluit of jy net gaan kyk na meer algemeen beskikbare en veilige produkte of iets anders." Coach kyk hom stip in die oë.

"En as ek na 'iets anders' wil kyk? Wat as ek uitgevang word,

Coach?" Joe wens hy het sy selfoon se opnemer vooraf aangeskakel.

"Dis beslis riskant, Joe. Daar bestaan altyd die moontlikheid dat jy getoets kan word en dan word jy geskors. Dis nie iets wat ek kan aanbeveel nie, nie as afrigter nie en ook nie as biokinetikus nie. Die meer algemeen verkrygbare produkte behoort darem ook 'n bietjie te help en dis ten minste veilig. As jy ander opsies wil oorweeg, kan ek vir jou 'n kontak probeer opspoor. Wat jy doen, is egter jou saak."

"H'm …" Joe gebruik die onderpunt van sy rugbytrui om die sweet van sy voorkop af te vee. Hy moet met sy fiets huis toe ry, sal netnou stort. Anders moet hy 'n tweede keer stort teen die tyd dat hy by die huis aankom. En vanaand weer, ná gim. Dis hopeloos te veel water vir een dag. Netnou verander hy in 'n meermin. Bloemfontein het al amper woestynstatus bereik en wanneer die waterbeperkings eendag gaan ophou, weet g'n mens nie. Óf die wolke wil nie gooi nie, óf die munisipaliteit kan Bloemwater nie betaal nie. "Kan ek daaroor dink, Coach?"

Dit help eintlik boggerol hy dink, want hy weet hulle het nie geld vir "aanvullings" nie en Pa verpes die meeste vorme van medisyne. Stel jou voor hy moet vir Pa sê hy wil steroïede gebruik?

"Gaan doen navorsing. Neem 'n ingeligte besluit, maar Henk gaan ongelukkig Saterdag jou plek as eerstespansenter moet inneem."